**Sondag 9 September**

| Skrifgedeelte: Rigters 6:1-24 | Fokusgedeelte: Rigters 6:14-16 |
|---|---|

# Egte berou, bekering en roeping

Wanneer krisisse kom, is mense geneig om skielik godsdienstig te raak, maar sodra die krisis verby is, val hulle terug in hulle ou lewenspatroon.

Met Israel was dit so – in die tyd van die rigters, en ook in die tyd van Gideon. Toe die Midianiete hulle land oorval, het Israel tot die Here begin bid. Berou en bekering was daar nie, maar hulle het van die Here verwag om uitkoms te gee.

Die Here hoor hulle gebede, maar anders as wat hulle gehoop het, stuur Hy nie dadelik uitkoms nie. Hy stuur ’n profeet. Deur die profeet leer die Here hulle dat die oorsaak van hulle ellende by hulle eie goddelose lewe lê. Die Midianiete was inderwaarheid ’n beproe-wing wat die Here gestuur het om die volk tot berou en bekering te bring. Dit moet egter opregte bekering wees wat nie maar net op eie voordeel van verlossing gerig is nie, maar wat vreugde daarin vind om die Here te gehoorsaam.

Nogtans, in sy verbondstrou roep die Here tog iemand om Israel te verlos. Gideon is bang en onwillig, maar die Here gee aan hom die krag sodat Hy deur hom as instrument die Midianiete sal verslaan, en sodat Israel deur hom na die diens van die Here teruggelei kan word.

Gideon moes egter eers leer wat elke kind van die Here moet besef, naamlik dat niks vir die Here onmoontlik is nie; ook dat die Here, wanneer Hy roep, die nodige krag vir die roe-ping gee, want in onsself is ons onbekwaam.

*Sing: Psalm 31-1:1, 3*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*